Olifant-safari's is die heel ergste dieremishandeling

Hanneli Brits, Modjadjiskloof

Beeld , Johannesburg Finaal (Maandag 1 Mei 2006 bl. 10)

Ek verwys na die berig onder die opskrif Olifant-safari's moet 'dringend stopgesit word' (28 April) en stem volmondig saam. Dit is die ergste vorm van dieremishandeling. Staak dit onmiddellik.

Die diere ken net vryheid, en nou word hulle vasgemaak aan 'n ketting en is heeldag in 'n hok.
Ek weet, ek was self op die plaas waar Elephants for Africa Forever (EFAF) hul "probleem-olifante" mak maak.
Hoe kan 'n olifant wat reeds 14 of 15 jaar oud is, nou geleer word om in 'n hok te staan met 'n ketting om sy poot?
Sou dit gebeur dat hulle uitgaan, is dit ook aan 'n staaltrens. Die hokke stink van al die mis en word nie skoongemaak nie.
Sodra die "opsigters" agterkom jy praat negatief oor die bedryf, word jy gou die deur gewys. Die olifantsafari's laat my dink aan die apartheidsjare; mense wat eens vryheid geken het, moes toe teen wil en dank ingehok word met 'n paswet.
En wat het toe gebeur? Daar was baie opstandigheid.
Dus, enigiemand op só 'n safari wat deur 'n olifant beseer word, besef net dit is 'n olifant wat in opstand is.
Afrika-olifante sal nooit mak word nie. Hulle moet die vryheid van die bos hê.
Viva olifante!